basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

### Nasien van die leesbegrip

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
  - As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
  - As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat **'**n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde ignoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

**Kasregister en kwessies**
**Gat in pad ruk my en jou sak**

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyn | Punt | LU | AS | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Ruk my en jou sak/kasregister √ | | 1 | 2 | 1.1 | 1 |
| 1.2 | Die toestand van die land se paaie √ | | 1 | 2 | 1.2 | 1 |
| 1.3 | C/baie kwaad word √ | | 1 | 2 | 1.6 | 3 |
| 1.4.1 | 2010 √ | | 1 | 2 | 1.2 | 2 |
| 1.4.2 | Die jaartal staan onder die teks by *Somer 2010.*/ Die Wêreldbeker-sokkertoernooi is gedurende 2010 aangebied./Die rubriek verskyn in 'n tydskrif/*élan* wat in 2010 gepubliseer is. √ | | 1 | 2 | 1.2 | 2 |
| 1.5 | Suid-Afrika doen moeite om 'n positiewe beeld vir buitelandse besoekers uit te straal./Die herstel van paaie geskied vinnig wat tot brouwerk lei en daarom sal nuwe slaggate kort voor lank weer verskyn./ Onderhoud is nie 'n deurlopende proses nie. √ | *Leerders kan enige gemotiveerde, logiese afleiding maak.* | 1 | 2 | 2.6 | 3 |
| 1.6.1 | Die lei tot die groot aantal padongelukke./Eise teen die Padongelukkefonds word ingestel./ Voetgangers en motoriste word benadeel. √√ (Noem enige 2) | | 2 | 2 | 1.4 | 1 |
| 1.6.2 | Die brandstofprys word duurder./Dit kos mense baie geld om voertuie te herstel. √ | *Slegs een van die moontlikhede is nodig vir 1 punt.* | 1 | 2 | 1.6 | 3 |
| 1.7 | Die grondwetlikheid van die wetswysigings word deur die *Law Society of South Africa* bevraagteken./ Die konstitusionele hof moet uitspraak gee oor die probleem. √ | *Die woord "omstrede" beteken: "waaroor mense sterk, uiteenlopende menings het en hewig verskil".* | 1 | 2 | 2.1 | 4 |
| 1.8 | Ja. Hy wil "ryk mense" benadeel./Hy maak aanpassings net ter wille van "arm mense"./Hy neem aan dat ryk mense beter behandel word. OF | *Slegs die motivering verdien die punt, nie Ja/Nee nie.* | | | | |

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyn | Punt | LU | AS | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nee.<br>Hy wil alle mense oor dieselfde kam skeer/almal dieselfde behandel. √ | | 1 | 2 | 3.2 | 3 |
| 1.9 | Vervoerforums is gestig. √ | | 1 | 1 | 1.3 | 2 |
| 1.10 | Motorongelukke veroorsaak beserings wat mediese skemas raak./Mediese skemas maan hulle lede teen gevare om ongelukke/beserings te voorkom. √√ | *Aangesien hierdie vraag op Barrett Vlak 5 gevra word en die kandidaat sy eie mening moet gee, verdien die kandidaat 2 punte met sy een antwoord.* | 1 | 2 | 2.10 | 5 |
| 1.11.1 | Na die naweek is baie minder mense op die paaie./ Dis in die middel van die werksweek. √ | *Enige logiese antwoord sal aanvaarbaar wees.* | 1 | 2 | 2.9 | 3 |
| 1.11.2 | Vrydag en Saterdag √ | *Albei dae moet genoem word.* | 1 | 2 | 2.9 | 3 |
| 1.11.3 | Die paaie in SA moet onmiddellik herstel word./ Voornemende bestuurders moet beter opgelei word./ Mense wat die wet oortree, moet baie swaarder gestraf word./Ryery oor naweke moet beperk word./ Drank moet (oor naweke) verbied word./Verhoog die ouderdomsperk vir bestuurslisensies./ Verlaag snelheidsperk./ Sigbare polisiëring/ Bewusmakingsveldtogte/ Verhoog alkohollimiet. √ | *Enige logiese antwoord sal korrek wees. Die leerder se eie aanvaarbare respons sal aanvaar word.* | 1 | 2 | 2.6<br>2.9 | 3 |
| 1.11.4 | Dit is nie die waarheid nie, want dit is gebaseer op statistiek soos deur Road Traffic Management Corporation gegee. √√ | | 2 | 2 | 2.9 | 4 |

**Lesse uit die lewe**

| Vraag | Antwoord | *Nasienriglyn* | Punt | LU | AS | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.12 | "... selfopgelegde ... " √ | *Die kandidaat hoef nie aanhalingstekens aan te bied nie.* | 1 | 2 | 2.1 | 1 |
| 1.13 | Sy het die vreugde wat 'n nuwe lewe bring, ervaar./ Sy het ervaar dat die dood deel is van die lewe/om vir ander om te gee. √ | *Ja verdien nie punte nie; die motivering moet dui op positiewe ervaring.* | 1 | 2 | 2.10 | 4 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.14 | D/haar ouers haar berispe het. √ | | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.15 | Die hondjies word al hoe vetter, maar die ma word al hoe maerder./Die huismense beleef die vreugde van die nuwe hondjies, maar die ma kry swaar./ Moederskap bring nie net vreugde nie, maar kan dodelike gevolge vir die ma inhou.√√ | *Leerders moet beide kante aandui, dus 2 of 0 punte.* | 2 | 2 | 2.7 | 3 |
| 1.16 | “Ek het wal gegooi.”/ “Twee asems gaan nie drie word nie.”/ “Dit was tydelike speelmaats.” √√ | *Aanhalingstekens is nie nodig nie.* | 2 | 2 | 2.5 | 1 |
| 1.17 | Die honde sou hul besluit beïnvloed het. √ | | 1 | 2 | 2.2 | 3 |
| 1.18.1 | Waar √ | | 1 | 2 | 2.3 | 3 |
| 1.18.2 | “Ek sluk my woorde.” √ | | 1 | 2 | 2.3 | 3 |
| 1.19 | ’n Mens kan verskeie lesse uit die lewe leer. √ | | 1 | 2 | 1.5 | 2 |
| 1.20 | Ja<br>Diere moenie ly nie./Die mens is in staat om ’n ingeligte besluit te neem.<br>OF<br>Nee<br>Die mens moenie in die natuur inmeng nie./Wat vir diere geld, moet ook vir mense geld. √ | *Die kandidaat kan sy eie gemotiveerde antwoord gee. Slegs die motivering van die kandidaat verdien die punt.* | 1 | 2 | 3.1 | 4 |
| | | | **30** | | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**SAMEVATTING VAN DENKVLAKVERHOUDING VRAAG 1**

| **OPSOMMING VAN DENKVLAKKE: AFDELING A** | | |
|---|---|---|
| | **Kasregister en kwessies<br>Gat in pad ruk my en jou sak** | |
| **LAAG** | **MIDDEL** | **HOOG** |
| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
| 40% | 40% | 20% |
| ***7/18 = 38.9%*** | ***7/18 = 38.9%*** | ***4/18 = 22.2%*** |
| | | |
| | **Lesse uit die lewe** | |
| **LAAG** | **MIDDEL** | **HOOG** |
| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
| 40% | 40% | 20% |
| **5/12 = 41.7%** | **5/12 = 41.7%** | **2/12 = 16.7%** |
| | | |
| | **OPSOMMING VAN DENKVLAKKE: AFDELING A** | |
| **LAAG** | **MIDDEL** | **HOOG** |
| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
| 40% | 40% | 20% |
| **12/30 = 40%** | **12/30 = 40%** | **6/30 = 20%** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming:**

**Punte word soos volg toegeken:**

- 7 punte vir 7 wenke (een punt per wenk)
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10
- Slegs samehangende sinne verdien punte

**Verspreiding van punte vir taal:**

- 1–3 wenke korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 wenke korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 wenke korrek: ken 3 punte toe

**LET WEL:**

- **FORMAAT:**
  'n Opsomming in die verkeerde formaat word ook geassesseer.

- **TEL VAN WOORDE:**
  - Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidate nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien ’n kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word ’n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.
  - Kort opsommings wat die vereiste getal wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**LEER SO ONTSPAN.**

1. Rus genoeg./Geniet jou vrye tyd.
2. Eet gesond.
3. Oefen gereeld/effektief.
4. Hou introspeksie./Sit tyd opsy vir alleenwees.
5. Hou ’n dagboek aan oor positiewe insidente.
6. Ontspan in ’n bad met aromatiese olies.
7. Geniet ’n goeie film.

(Woorde: 25)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**Memorandum vir hierdie afdeling:**

- **Spelling:**
  - **Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.**
  - **In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.**
  - **Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.**
- **Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.**
- **Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½-punte toegeken word.**
- **Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.**

**Neeson veg om sy lewe in *Onbekend*.**

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyne | Punt | LU | AS | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | leef √ | | 1 | 4 | 1.4 | 3 |
| 3.2 | Harris **is** in ’n maalkolk van ’n alleenstryd gedompel. √ | | 1 | 4 | 2.4 | 2 |
| 3.3.1 | “nie <u>durf</u> misloop nie” √ | *Slegs die frase moet aangebied/uitgelig word.* | 1 | 4 | 3.3 | 5 |
| 3.3.2 | Die frase is geslaagd, aangesien jy die fliek daarvolgens nie durf misloop nie./Manipuleer jou.<br>OF<br>Die frase is nie geslaagd nie, want ek besluit nie op grond van resensies/ander mense om na flieks te gaan kyk nie./Ek hou nie van aksieflieks nie. √ | *Die kandidaat kan sy eie antwoord gee met betrekking tot die geslaagdheid van die frase.* | 1 | 4 | 3.3 | 5 |
| 3.4.1 | Ta √ | | 1 | 4 | 1.3 | 1 |
| 3.4.2 | Selfstandige naamwoord/s.nw.√ | | 1 | 4 | 1.3 | 1 |
| 3.5 | Probeer hy desperaat en doelgerig agter die kap van die byl kom? √ | *Die* ***vraagteken*** *moet aan die einde van die sin aangedui word, andersins is dit nie ’n vraagsin nie, dus 0. Geen bykomende woorde mag in die kandidaat se antwoord voorkom nie.* | 1 | 4 | 2.7 | 2 |
| 3.6 | Hy moet uitvind wat aangaan/hoe goed werk/wat gebeur het. √ | | 1 | 4 | 2.13 | 3 |
| 3.7 | *Onbekend* is manna vir aksieliefhebbers hoewel die jaagtog deur Berlyn aan die absurde grens. √ | *Die woordorde van die tweede sin moet verander.* | 1 | 4 | 2.9 | 3 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.8 | (Die Spanjaard) Jaumet Collet-Serra lig ander detail skitterend uit. √ | | 1 | 4 | 2.8 | 3 |

**Kluisenaarskap ... vir die beginnerskrywer**

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyne | Punt | LU | AS | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.9 | Dit is moontlik om die geheime van ’n beginnerskrywer te ontdek/ te leer ken. √ | | 1 | 4 | 3.1 | 3 |
| 3.10 | tienpuntplan √ | | 1 | 4 | 2.5 | 3 |
| 3.11 | Brand jy **wat blonde hare het,** van nuuskierigheid om meer van ’n beginnerskrywer se geheime te wete te kom? √ | *Enige korrekte byvoeglike bysin. Maak seker dat daar ’n hoofwerkwoord is. Enige bysin wat met ’n koppel= werkwoord aangebied word, sal nie aanvaar word nie.* | 1 | 4 | 2.13 | 3 |
| 3.12 | verveeld √ | | 1 | 4 | 2.8 | 1 |
| 3.13 | Die erkende skrywer het gesê dat hy daardie dag vir hom ’n verafgeleë woning sal (sou) kry. √√ | *Die kandidaat moet die antwoord in dieselfde tydsvorm aanbied as wat dit in die vraag geformuleer is. Geen dubbelpunt en/of aanhalingstekens mag in die antwoord aangebied word nie. Die korrekte voornaamwoorde moet gebruik word en die tydsaanduiding moet verander word.* | 2 | 4 | 2.9 | 2 |
| 3.14.1 | Onwaar √ | | 1 | 4 | 1.7 | 4 |
| 3.14.2 | Samestelling/Kontaminasie is nie twee basisse nie. √ | | 1 | 4 | 1.7 | 4 |
| 3.15 | B/vrywende √ | | 1 | 4 | 2.3 | 3 |
| 3.16 | biografie √ | | 1 | 4 | 1.9 | 2 |

**Rockspaaider**

| Vraag | Antwoord | Nasienriglyne | Punt | LU | AS | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.17 | Die musiekkompetisie is op tieners gerig. √ | | 1 | 4 | 3.2 | 5 |
| 3.18 | Dink/<br>Wonder/<br>Besin √ | *Die kandidaat kan sy eie antwoord binne konteks gee.* | 1 | 4 | 3.3 | 3 |
| 3.19.1 | Is musiek baie belangrik/die rede vir jou bestaan?/<br>Is jy lief vir/hou jy van musiek?/<br>Dink jy gedurig aan/leef jy gedurig vir musiek? √ | *Eie antwoord van die kandidaat solank die kandidaat by die belangrikheid/belangrike rol van musiek uitkom.* | 1 | 4 | 3.1 | 3 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.19.2 | Ons gebruik 'n pomp vir die pap band. √ | | 1 | 4 | 3.4 | 3 |
| 3.20 | landwy**e**/landswy**e**/inheems**e** √ | *Die uitgang moet korrek aangebied word.* | 1 | 4 | 1.9 | 3 |
| 3.21 | lewensgroot √ | *Spelling is belangrik.* | 1 | 4 | 1.6 | 1 |
| 3.22 | Ek spel die woord baie keer verkeerd./Dit spel onraad. √ | | 1 | 4 | 2.1 | 2 |
| 3.23 | skryfsters √ | *Gebruik geslagsvorme korrek.* | 1 | 4 | 1.5 | 1 |
| 3.24 | B/kontaminasie | | 1 | 4 | 1.7 | 3 |
| 3.25 | Elektroniese (pos) √ | | 1 | 4 | 1.2 | 1 |
| | | | **[10]** | | | |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

| **OPSOMMING VAN DENKVLAKVERHOUDING AFD. C : Vraag 3** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **BARRETT SE TAKSONOMIE** | | | | | |
| | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** | **Vlak 5** |
| **TEKS 1** | 2 | 2 | 4 | | 2 |
| **TEKS 2** | 2 | 2 | 4 | 2 | |
| **TEKS 3** | 3 | 1 | 4 | | 2 |
| **TOTAAL** | 7 | 5 | 12 | 2 | 4 |

| **Vlak** | **BARRETT** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 7 uit die 30 punte | 23.3% | 12 uit 30 punte | 40% | Laag |
| 2 | 5 uit die 30 punte | 16.7% | | | |
| 3 | 12 uit die 30 punte | 40 % | 12 uit 30 punte | 40% | Middel |
| 4 | 2 uit die 30 punte | 6.7% | 6 uit 30 punte | 20% | Hoog |
| 5 | 4 uit die 30 punte | 13.3% | | | |

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou